

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Dringende sake”

Skriflesing: Lukas 10:1-20

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Refrein

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Broodjies vir die pad

Knowing is not enough; we must apply.
Willing is not enough; we must do.
(Johann Wolfgang von Goethe)

None are more hopelessly enslaved than
those who falsely believe they are free.
(Johann Wolfgang von Goethe)

My wens vir jou

My wens vir jou:
mag jou drome almal waar word
mag jou son vir altyd skyn
mag daar geitjies teen jou mure woon
en feetjies in jou tuin
mag jou gode vir jou glimlag
en jou vriende by jou staan
mag jou oë vir ewig glinster
waar ook al jy gaan

Colette Pretorius

Oorskietwoorde

sō het ek dit nooit kon dink nie
hierdie kant'lende groet
(soos 'n geknaktheid
tussen ons)
en ons palms

weg van mekaar gedraai
want so lank
sou ons na mekaar toe weer
al was daar deins'rige dae
en al was daar mistroostige vliese oor jou oë
(sou ons immer verwant
bly
aan liefhê)
sō, sou ek dit nooit kon binnetoe nie
dat ek apart van jou moes staan
soos iets broos
en dun
'n blote wegwees
as ons hōëveel dae
(en nagte) mekaar se sien gegroet 't soos dorstiges
maar nou weet ek
dat ons monde mekaar uitgevier het
en mis ek
wat woorde nooit kon sê nie
want soveel
gemaklike stiltes
het ons harte immer vooruit bly loop

Alida Marais

Brief van 'n expat: 'My hart breek vir my Suid-Afrika'

Dirk van Eeden

Vir 14 jaar al is hy 'n wêreldburger, maar dis net in Afrikaans wat hy kan sê “Trump se moer” en die ANC maak hom “die bliksem in”, skryf Dirk van Eeden uit Chicago.

Mense steek Tshwane van kwaadheid aan die brand, die Britte skud hulle lidmaatskap van die Europese Unie af, omdat hulle nie kans sien vir al die immigrante nie en Donald Trump blaas Amerikaners se nasionalisme met bangmaakstories aan.

Nasionalistiese populisme neem die wêreld oor en ek sit in my tuin in Chicago en Google hoe mens 'n kappie op 'n “e” sit.

Dis 14 jaar sedert ek landuit is, 20 sedert ek enigiets langer as 'n SMS in Afrikaans geskryf het. My tweetalige skoolwoordeboek het met al die trekkery lankal verlore geraak. Maar vandag kan dit nie anders nie: Ek móét eenvoudig die roes uit my skryf-Afrikaans wegsny, want ek kan nie in Engels sê hoe de bliksem in ek vir die ANC is, omdat hulle so vir die mense bly lieg nie. Hoe sê ek “Trump se moer” in Engels?

Ek kan net in Afrikaans bid dat 'n alarm, tralies en 'n hond genoeg sal wees om Pa en Ma veilig deur nog 'n nag te haal. Ek huil in Afrikaans, omdat 'n siek man 49 mense kan doodskiet net omdat hulle gay is. Ek kan net in Afrikaans bang raak, omdat die hele wêreld so kwaad geword het en dat kwaad nie verstand het nie.

My werk het my oor die afgelope tien jaar twee Suid-Afrikaanse paspoorte laat volmaak met stempels van vyf vastelande. Oor dieselfde tydperk het ek net een plek uit vrye wil besoek: My huis op Jacobsbaai aan die Weskus. Maar elke keer wanneer ek in Suid-Afrika kom en 'n mening oor my land uitspreek, gee Afrikaners my dieselfde, beskuldigende kyk: “Jy

weet nie meer hoe dit is nie. Jy slaap elke nag veilig en vergeet partykeer selfs om snags jou deure te sluit. Jy verdien jou geld in dollars.

Jy is lankal nie meer een van ons nie.”

Hulle sê dis nie genoeg dat my tuin vol varkore en my kombuisvas vol ingelegde waatlemoenstukke is nie. Dat ek my eerste en laaste woorde elke dag in Afrikaans met my hond praat, beteken glo niks.

Niemand gee om dat ek nou al vir 14 jaar probeer om boontjiesop soos Ma s'n te kook nie. (Ek kry dit steeds nie reg nie.)

So, laat ek dit nou uit my uitkry: Om wêreldburger te wees beteken nie dat my hart nie kan breek oor wat in Suid-Afrika aan die gang is nie. Afstand stomp my nie af nie, dit maak my bekommernis net erger.

Wanneer dieselde goed reg rondom die wêreld verkeerd gaan, voel dit my gees word gewond. Maar dis die hartseer en kwaad oor Suid-Afrika wat sout in daardie wonde vryf.

My hart gaan uit na die mense wat toustaan vir kos in Venezuela, maar dis al die honger in Suid-Afrika wat my hart breek. Ek is jammer vir die mense wie se huise in Amerika se onlangse vloede oorstrom is, maar ek bid dat dit tog net weer oor Suid-Afrika sal reën. Donald Trump se haatpraatjies oor Mexikane maak my kwaad, maar my bors trek toe oor die rassisme wat ek alweer en al meer in Suid-Afrika sien.

Die Amerikaanse obsessie met vuurwapens slaan my dronk, maar elke sneller wat in Suid-Afrika getrek word, is 'n kopskoot vir my. Ek is kwaad dat 'n stryery tussen die Tories daartoe kon lei dat Britte gestem het om die Europese Unie te verlaat, maar dis die stryd tussen Xhosas en Zoeloes binne die ANC wat soos 'n garrot om my nek span.

Ek is die bliksem in, omdat die ANC enige herinnering aan die nuwe Suid-Afrika daagliks en aanhoudend verkrag. Ek is witwarm woedend, omdat die SAUK homself nou weer soos in die ou dae sensureer en nie sonder skrik of skroom die waarheid kan sê in landsbelang is nie.

Maar bowenal, meer as vir enigiemand anders, is ek kwaad vir myself. Kwaad, omdat ek niks kon doen toe die reënboog begin verbrokkel het nie. Kwáád, so bitterlik briesend, dat daar nie 'n nuwe Suid-Afrika is om na huis toe te gaan nie.

Maar terselfdertyd is ek so ongelooflik dankbaar dat die droom van 'n demokratiese, nie-rassige, regverdige Suid-Afrika vir nou en vir altyd deel van my wêreld sal bly.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/brief-van-n-expat-my-hart-breek-vir-my-suid-afrika-20160630#>



Faith is an oasis in the heart which will never be reached by the caravan of thinking. (Khalil Gibran)

Brood vir die pad

Woorde maak deure oop . . . of pynig soos pyle

Wilhelm Jordaan

Ek hou nie juis van die woord “les” nie. Dis omdat mense dit so dikwels sedeprekerig aanwend. Soos in: “Ek hoop jy het nou die les van jou lewe geleer; laat dit nie weer gebeur nie,” of: “Laat dit vir jou 'n les wees.”

Tog is dit waar dat 'n mens deur te verbrou en deur foute leer en bewus word van jou karakterkrake. En dit bly jou 'n lewe lank by. Soos dié een wat ek in st. 5 (gr. 7) geleer het by my geliefde klasonderwyser in die Laerskool President Brand in Bloemfontein, mnr. Johannes (Shortie) Booysen.

As leerling het ek nie presteer in resitasies en kuns nie; vir albei nooit meer as 8 uit 20 (40%) gekry nie. Resitasies het ek monotoon “opgesê” en kon net stokmannetjies met lag en suur gesiggies teken.

Op 'n dag sê mnr. Booysen ons moet ons voorberei vir resitasie; enige vers van jou keuse. Toe my beurt kom, rammel ek deur J. Lion Cachet se “Di Afrikaanse taal: “Ek is 'n arme Boerenô/ By vele min geag . . .”

Kwartpad deur stop mnr. Booysen my en skud net sy kop. Salf is daar nie aan my te smeer nie.

Toe kom Sarel se beurt. Dié bleek, stillerige witkopseuntjie met prominente voortande het hom goed voorberei. Soos by 'n eisteddfod sit hy sy een hand in die ander, staan mooi regop, maak keel skoon en kondig sy gedig aan. Totius se “Vegkop”.

Met sy blou oë iewers ver gerig dra hy met afgemete erns voor: “Bleek blink die seile vér teen die hang,/ swart kom die k***** met driftige drang,/ bewend omhoog rijs gebed en gesang/ o so bang . . .”

Met my as belhamel van die “anti-resitante” skater ons van die lag en ek roep uit: “Sak Sarel!” Toe mnr. Booysen ons kwaai stil maak, sien ek die verwese verleentheid op Sarel se gesig en hoe hy spartel om nie te huil nie.

Pouse roep mnr. Booysen my eenkant. Op die man af kom sy sagte tug: “Ek weet jy hou van pret en woordspeletjies, maar wat jy vandag gedoen het, is nie reg nie – om iemand te koggel wat sy bes probeer met iets wat jy nie eens wil probeer nie.”

In my rapport vir die kwartaal had mnr. Booysen in die spasie vir gedrag op sy gevatte manier dié “boodskap” gelaat: “Wilhelm kan nog ver kom; solank hy nie te ver gaan nie.”

'n Les geleer? Ek hét daardie dag te ver gegaan en Sarel se gesigsuitdrukking toe ons hom kleiner het, is 'n onuitwisbare pynlike indruk. Maar ek sukkel vandag nog om verbaal nie te ver te gaan nie. Herinner my dán aan die Chileense digter Vicente Huidobro se grondreël:

“Laat jou taal 'n sleutel wees/ wat 'n duisend deure oopmaak/ Skep nuwe moontlikhede/Waak altyd oor jou woord:/ Elke byvoeglike naamwoord/ wat geen lewe skenk/ pleeg moord.”

Sonder hoë bewustheid van dié reël is jy merendeels 'n woordnar en word jy algaande 'n wordenaar.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-woorde-maak-deure-ooop-of-pynig-soos-pyle-20160629>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.